

TIERLANTYNTJIES



HEKEL self 'n kantjie hier en 'n randjie daar en jy sal verbaas wees hoeveel sente word op die kleinighede vir 'n troue bespaar

KOUSBAND

BENODIGDHEDE: 1 bol Sirdar Snuggly 3-draad, (50 g) hekelpen van 2,50 mm; 1,5 m smal lint, 0,75 m lint van 1,5 cm breed; 30 cm smal rek.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Begin met 9 ks.

Basisry: 1 lb in 4e ks vanaf hekelpen, 3 ks, slaan 3 ks oor, 1 lb in elk van laaste 2 ks, draai.

1e ry: 3 ks, slaan 1e lb oor, 1 lb in vlg lb, 2 ks, 1 kb in sp, 2 ks, 1 lb in vlg lb, 1 lb in bopunt van 3 ks, draai.

2e en 3e ry: 3 ks, slaan 1e lb oor, 1 lb in vlg lb, 3 ks, 1 lb in vlg lb, 1 lb in bopunt van 3 ks, draai.

Herh 1e tot en met 3e ry tot werk 38 cm lank is, eindig met 2e ry.

Hekel oor syrande soos volg: gs oor 1e ry-einde, * 4 ks, gs in 4e ks vanaf hekelpen, gs oor vlg 2 ry-eindes, herh van * tot einde. Heg af.

Werk opstelrand en afhegrand aanmekaar om ring te vorm. Ryg rek deur opening en werk vas. Ryg nou lint deur, bind 'n strikkie en werk vas.

AFKORTINGS: Hekel: ks - ketting-steek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; weersk - weerskante; sp(s) - spatie(s); Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); gp(e) - groep(groepe); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; pat - patroon; herh - herhaal; beg - begin; tes - tesame; g vt - garing vorentoe; gon - garing oor naald; tsgo - trek glipsteek oor; sp - spatie.



SERVETRINGE

BENODIGDHEDE: 1 bol Tridalia Nr. 8, 1 hekelpen van 1,25 mm, plastiekgordynringe van 2 cm in deursnee.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Heg draad vas en hekel kb rondom ring, gs in 1e kb.

1e ry: 5 ks, 1 lb in vlg kb, * 2 ks, slaan 2 kb oor, 1 lb in vlg kb, 1 lb in vlg kb*, herh nog 9 keer - 10 groepe.

2e ry: 5 ks vir 1 lb, 3 ks, 3 lb in vlg sp, * 3 lb, 3 ks*, herh tot daar 10 groepe is.

3e ry: 5 ks, 3 lb in dieselfde sp as 5 ks, gs in vlg lb om puntjie te maak, 3 ks (vir lb), 3 lb in dieselfde sp as vorige lb, gs in vlg lb vir 2e puntjie. Herh tot daar 12 puntjies is. Heg af.

Jy sal leëf in

Satin Soft-broekiekouse wat spog met ragfyn kwaliteit. Die uitdagende nuwe ragfyn belewenis van Arwa. Met die gesogte Arwa-snyersinsetsel en eksklusief gevormde been. Geskep om te voldoen aan al jou verwagtinge: 'n sensuele, sagte, allerfynste kwaliteit broekiekous. Geskep net vir jou.





KANTSAMBREEL

BENODIGDHEDE: 6 bolle Sirdar Snuggly 4-draad; hekelpen van 4 mm.

MATE: Groot genoeg om 'n sambreel van gewone grootte te bedek.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Begin met 4 ks, gs in eerste ks om ring te vorm.

1e rondte: 1 kb in ring, (8 ks, 1 kb in ring) 4 keer, gs in 1e kb en in elk van eerste 4 ks van eerste 8 ks-sp.

2e rondte: 6 ks, 1 lb in vlg ks, (3 ks, 1 lb in dieselfde ks) 2 keer, * 1 lb in 4e ks van vlg

8-ks-sp, (3 ks, 1 lb in dieselfde ks) 3 keer; herh van * nog 2 keer, gs in 3e van 6 ks.

3e rondte: 3 ks, 3 lb in dieselfde st as gs, * 5 ks, slaan vlg sp oor, 1 kb in vlg sp, 5 ks, slaan vlg sp oor, 4 lb in vlg sp, herh van * nog 2 keer, 5 ks, slaan vlg sp oor, 1 kb in vlg sp, 5 ks, gs in bopunt van 3 ks en in elke st tot middel van eerste 5 ks-sp.

4e rondte: 3 ks, (3 lb, 2 ks en 4 lb) in dieselfde st as gs, (4 lb, 2 ks en 4 lb) in middel-ks van elke sp rondom, eindig met gs in bopunt van 3 ks — 8 skulpe.

5e rondte: 1 kb in dieselfde st as gs; * 4 ks, (4 lb, 2 ks, 4 lb) in 2-ks-sp, 4 ks, 1 kb in sp tussen skulpe; herh van * rondom, maar laat kb aan einde van laaste herh weg, gs in 1e kb.

6e rondte: 1 kb in dieselfde st as gs; * 5 ks, (4 lb, 2 ks, 4 lb) in 2-ks-sp, 5 ks, 1 kb in vlg kb; herh van * rondom, maar laat kb aan einde van laaste herh weg; gs in 1e kb en in elke st tot middel van 1e skulp.

7e rondte: 3 ks vir 1e lb, 3 lb, 2 ks, 4 lb in 2-ks-sp, * 9 ks, (4 lb, 2 ks en 4 lb) in 2-ks-sp, herh van * rondom, eindig met 9 ks, gs in bopunt van 3 ks en middel van 1e skulp.

8e rondte: 3 ks vir 1e lb, 3 lb, 2 ks, 4 lb in 2-ks-sp, * 1 ks, (4 lb, 2 ks en 2 lb) in 5e van 9 ks, 1 ks, (4 lb, 2 ks 4 lb) in 2-ks-sp; herh van * rondom, eindig met 1 ks, (4 lb, 2 ks 4 lb) in 5e van 9 ks, 1 ks, gs in bopunt van 3 ks en tot middel van 1e skulp — 16 skulpe.

L.W.: 3 ks staan steeds vir 1e lb aan begin van rondte.

9e rondte: * (4 lb, 2 ks, 4 lb in 2-ks-sp, 3 ks, 1 kb in sp tussen skulpe, 3 ks; herh van * rondom, gs in bopunt van 3 ks en tot middel

van 1e skulp.

10e rondte: * (4 lb, 2 ks, 4 lb) in middel van skulp, 5 ks, 1 kb in vlg kb, 5 ks; herh van * rondom, gs in bopunt van 3 ks en tot middel van 1e skulp.

11e rondte: Soos 10e rondte, maar hekel 7 ks weersk van kb tussen skulpe.

12e rondte: Soos 10e rondte, maar hekel 9 ks weersk van kb tussen skulpe.

13e rondte: * (4 lb, 2 ks, 4 lb) in 2-ks-sp, 9 ks; herh van * rondom, gs in bopunt van 3 ks en tot in middel van 1e skulp.

14e rondte: * 1 kb in middel van skulp, 5 ks, (4 lb, 2 ks, 4 lb) in 5e van 9 ks, 5 ks; herh van * rondom, gs in 1e kb.

15e rondte: * (4 lb, 2 ks, 4 lb in kb, 6 ks, 1 kb in 2-ks-sp, 6 ks; herh van * rondom, gs in bopunt van 3 ks en tot in middel van 1e skulp.

16e rondte: * 1 kb in 2-ks-sp, 7 ks, (4 lb, 2 ks, 4 lb) in vlg kb, 7 ks; herh van * rondom, gs in 1e kb.

17e rondte: * (4 lb, 2 ks, 4 lb) in 1e kb, 1 ks, 1 kb in 4e van 7 ks, 1 ks, (4 lb, 2 ks, 4 lb) in 2-ks-sp, 1 ks, 1 kb in 4e van 7 ks, 1 ks; herh van * rondom, gs in bopunt van 3 ks en tot in middel van eerste skulp.

18e rondte: * (4 lb, 2 ks, 4 lb) in 2-ks-sp, 3 ks, 1 kb in vlg kb, 3 ks; herh van * rondom, gs in bopunt van 3 ks en tot in middel van eerste skulp.

Herh 10e tot en met 18e rondte een keer, hekel dan 10e tot en met 12e rondte nog een keer. Heg af.

Werk aan raamwerk van sambreel vas maar laat laaste 5 rondtes los hang om val te vorm.

Satin Soft.

